NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 17 – Uitgawe 3 | 15 Februarie 2024

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Krimp of groei?

**Sedert 1998 het die lidmaattalle van die drie Afrikaanse susterskerke – Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA); Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK); Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) – 'n konstante afname getoon.**

Die lidmaattalle in die NHKA het tot in 1998 met 170 011 gegroei. Hierdie lidmate was versprei oor 311 gemeentes. Van 1998 tot 2019 (21 jaar) het die NHKA 89 639 belydende lidmate verloor. Die NGK het van 2003 tot 2019 'n miljoen lidmate verloor, en die GKSA het 25 657 lidmate tussen 1998 en 2018 verloor. Van die redes wat aangevoer word vir die afname in lidmaattalle in die drie susterskerke is negatiewe geboortesyfers en emigrasie by die blanke bevolking.

In teenstelling met die drie Afrikaanse susterskerke, het kerke met voorspoedsteologie van 1994 tot 2020 met tot 70 000 lidmate gegroei. Een van die uitdagings vir talle gemeentes in ons Kerk is die aantal verskillende denominasies binne gemeentegrense. 'n Voorbeeld is in die noorde van Pretoria waar daar 66 verskillende Christelike denominasies tussen 2010 en 2018 ontstaan het wat met mekaar kompeteer.

As dit in besigheidsterme uitgedruk word, beteken dit die Afrikaanse susterskerke het 'n bepaalde markaandeel aan ander Christelike denominasies afgestaan. Die vraag wat dan ontstaan, is hoe kan dié markaandeel herwin word? 'n Verdere uitdaging vir die Afrikaanse susterskerke is dat hulle moet byhou, nie net met die wyses waarop die millenniërs funksioneer nie, maar ook met die opkomende Z-generasie en die nuutste, die Alfa-generasie.

Bemarking is 'n sensitiewe aangeleentheid in die kerk, want die Woord van God word nie as bemarkbaar beskou nie. Die boodskap van die Woord van God en die operasionele deel van 'n kerk se bediening ís in werklikheid bemarkbaar.

Die primêre doel van die NHKA is die *missio Dei* (missionale bediening) en die *passio Dei* (barmhartigheidsbediening). Dit beteken die primêre boodskap van die evangelie is bemarkbaar deur kerke se bediening en hul lidmate as lewende getuies. Hierdie boodskap kry ons ook Matteus 28: 19 en 20:

> *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

Die missiestelling van die NHKA, naamlik (i) Gemeenskap; (ii) Viering; (iii) Diens; (iv) Getuienis; het ten doel dat die Kerk selfondersoek doen sodat hulle 'n lewende getuienis kan wees en sodoende die evangelie kan bemark deur die bediening.

Literatuurstudies en statistieke toon dat die drie Afrikaanse susterskerke nie hulself doeltreffend en effektief bemark nie en daarom ook nie markaandeel herwin nie. Volgens Statistieke SA het die blanke bevolking in Suid-Afrika van 2011 tot 2020 met 2% gegroei. Die nuutste statistieke toon dat daar 'n afname van ± 330 000 in die blanke bevolking is. Dit is 0,5% tot die totale bevolking. Die daling is so gering dat gevra kan word waarom die lidmaattalle van die NHKA verminder.

Die vraag is: Waarom sluit mense of ons lidmate aan by ander opkomende geloofsgroepe eerder as gevestigde geloofsgemeenskappe soos die NHKA?

**Johan Hattingh**
**Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum**

## Lief en leed

- **Mev Lucia Prinsloo** (66), eggenote van Dappie Prinsloo wat vroeër predikant in die NHKA was (Wapadrant en Jeffreysbaai), is Dinsdag 6 Februarie oorlede. Hul dogter, ds Aniena Jansen van Rensburg, is predikant in Leeudoringstad. Mev Prinsloo was die jongste dogter wan wyle ds Mossie en mev Lucia van den Berg, sowel as die suster van voormalige predikant Van Rooy van den Berg. Haar ouers was ds Mossie en Lucia van den Berg. Ons innige simpatie gaan aan die familie.



Oudl Frits Smit

- **Oudl Frits Smit** (78) van Gemeente Kaapstad is Donderdagmiddag 8 Februarie oorlede. Hy sou op 22 Februarie 79 jaar oud gewees het. Oudl Smit was jare lank lid van die Raad van Finansies en die Kommissie van die AKV. Aan die begin van 2023 is hy met kanker gediagnoseer, en hy het intussen bestraling en chemoterapie ondergaan. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Sannie, en hul naasbestaandes. Die viering van sy lewe geskied Saterdag 17 Februarie om 11:00 by Gemeente Kaapstad se Melkbosstrandgebou in Robbenweg.



Mnr Pieter de Beer

- **Mnr Pieter de Beer,** vader van Gerda van der Merwe (predikantsvrou van Pretoria-Oos), is Sondag 11 Februarie oorlede na ’n lang siekbed. Hy en sy vrou, Anta, was lidmate van Gemeente Rustenburg-Tuine. Hy was egter vir baie jare jeugouderling en ouderling in Rustenburg-Suid waar hy en sy vrou diep spore in die gemeente en gemeenskap getrap het. Sy gedenkdiens sal plaasvind op Saterdag 17 Februarie om 11:00 vanuit Rustenburg-Suid en sal gelei word deur sy kleindogter, ds Annieka Pottas (Montana). Die familie is opreg dankbaar vir soveel liefde en ondersteuning – ook uit soveel kerklike kringe – in die afgelope weke. Ons innige simpatie gaan aan mnr De Beer se familie.

- **Mnr Johan Buys,** eggenoot van mev Alta (van Heerden) Buys (weduwee van ds JH van Heerden), is onlangs oorlede. Die Buys-egpaar was nie lank getroud nie, en het in Machteld Postmus in Pretoria gewoon. Alta en die familie word vertroosting toegebid.

- **Mev Jienie Oberholzer,** weduwee van prof Bart Oberholzer, wat in Machteld Postmus woon, verhuis binnekort na Ons Tuis Pretoria. Sy ondervind gesondheidsprobleme en word krag en beterskap toegebid.



Di Naas Lombard en Retha Losper

- **Ds Retha Losper** (née Lombard) is Sondag 11 Februarie in Gemeente Suidoos-Witbank deur haar vader, ds Naas Lombard (emeritus), in die voltydse werkruimte bevestig. Ds Naas het verlede jaar op 4 Junie emeritaat in die gemeente aanvaar. Ds Retha, wat in ’n benoemingspos in die gemeente was, is gedurende Januarie beroep.

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 15 Februarie: Ds M (Maritza) Oosthuizen (41) (ampsvoorreg/nie-diensdoende)
  - Saterdag 17 Februarie: Dr A (Antionette) Janse van Rensburg (36) (Montana/UP) en ds DJ (Danie) Struwig (71) (emeritus)
  - Sondag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (71) (emeritus/Worcester) en ds PS (Peet) Esterhuizen (67) (emeritus)
  - Maandag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (67) (emeritus)
  - Dinsdag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Maré (68) (emeritus)
  - Woensdag 21 Februarie: Di TF (Thomas) Dreyer (30) (Malelane)
  - Vrydag 23 Februarie: Dr EH (Estelle) Dannhauser (63) (siekte-emeritaat) en ds N (Natasha) Loftus (30) (Barberton/Nelspruit)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (karen@nhk.co.za) asseblief **teen Maandag 19 Februarie** bereik **vir 29 Februarie en 1 Maart** se Kommissievergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Frans Redelinghuys



Ds Gerhard Viviers

- **Ds FJ (Frans) Redelinghuys** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Outjo/Otjiwarongo (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar.

- **Ds G (Gerhard) Viviers** van Wolmaransstad het die beroep na Lichtenburg aanvaar. Hy word op 7 April daar bevestig.

- **Ds Peet Esterhuizen, Fondssekretaris van die Teologiese Opleidingsfonds, skryf soos volg:** "Jurie Els se liedjie *Hoe sê mens dankie?* skiet my gedagtes binne as ek namens die Teologiese Opleidingsfonds en die begunstigdes uit die Fonds die afgelope jaar wil dankie sê vir u waardevolle bydraes. Dankie aan al die ringe, kerkrade, NHSV takke en individue, julle wil ons nie vergeet nie. Jul waardevolle bydrae tot die Teologiese Opleidingsfonds in die finansiële jaar wat 29 Februarie 2024 sluit, het harte bly gemaak en lewensdrome in vervulling laat gaan. U bydrae het gehelp om ons studente te ondersteun in hul teologiese studies en kollegas met hul nagraadse studie in die Teologie. Indien daar nog skenkings gemaak wil word – byvoorbaat baie dankie daarvoor. Die bankbesonderhede is soos volg:
  **Teologiese Opleidingsfonds**
  **ABSA Bosmanstraat**
  **Rekeningnommer: 4048632649**
  Vir enige verdere navrae, kontak my gerus: Peet Esterhuizen, Fondssekretaris, by **5essies@telkomsa.net** of 082 764 2622."

- Die Moderamen het drie maande uitstel verleen vir **Gemeente Ebenhaëzer** se beroepsproses.

- Die Moderamen stem in dat 'n bedrag van tot R40 000 beskikbaar gestel kan word vir die NHKA se deelname aan die **NCLS-navorsing**.

- Die Moderamen wil predikante en gemeentes op die hart druk om moeite te doen om by **skole** betrokke te raak. Gemeentes moet skoolhoofde besoek, vir hulle en die skole voorbidding doen, en elke geleentheid benut om by die skole betrokke te raak.

- **Gemeente Montana-Oos: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur aan die skriba, oudl Johan Emmenis, by johan.emmenis@gauteng.gov.za of kontak hom by 060 546 7438 of vir Susan Schoonbee by 082 411 5464 tydens kantoorure (08:30-12:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is geleë in Kameeldriftweg, Derdepoort, Pretoria (Roodeplaatdam/Kameeldrift-Oos-area).

## Vergaderings

- Donderdag 22 Februarie: Pensioenvergadering
- Vrydag 23 Februarie: Raad van Finansies

## Kerklike publikasies



## ’n Gedig

**Stasie**

Op watter stasie, my liefling, het jy my gelos
in watter gebreekte koelte
onder watter brandsiek bos
teen watter sipres het jy my gekruisig
met spykers uit jou mond
in watter lendekleed-doek
struikel my hartseer rond
in watter kerkhof mag ek rou
oor jy my nooit weer vas sal hou?

**Antjie Krog**
(Uit: *Dogter van Jefta*, 1970)

## Toerusting




- **40 liedere vir die 40 dae Lydenstyd.** Vanaf Woensdag 14 Februarie sal daar elke dag ’n nuwe opname van ’n gepaste kerklied wees waarna jy kan luister om jou meelewing tydens die Lydenstyd te verdiep. Die musiek is opgeneem in Gemeente Pretoria-Oos. Klik net op die onderstaande skakel en luister dag vir dag saam soos ons die pad na Golgota stap. As jy die lied-vir-die-dag daagliks via WhatsApp wil ontvang, stuur gerus jou selnommer na 072 041 3954.
  Klik ***hier***.




## Barmhartigheid

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000

Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer

moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Versterk my met die genade van u Heilige Gees
en vervul my met u vrede
sodat ek bevry kan wees
van alle onnodige angs, besorgdheid en kommer.
Help my om altyd te streef
na dit wat vir U welgevallig en aanneemlik is,
sodat u wil ook my wil sal wees.
Amen.

(St Francesca Xavier Cabrini)

womansday.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk